# Laerskool Villieria

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186

23 Januarie 2026

Geagte ouers/voogde

## NUUSBRIEF 3/2026

**SKOOL GESLUIT – CLUSTER ATLETIEKBYEENKOMS**

Na aanleiding van toestemming wat ons skool gister ontvang het vanaf die Departement van Onderwys, is Laerskool Villieria gesluit op Dinsdag, 10 Februarie 2026 as gevolg van die Cluster Atletiekbyeenkoms wat plaasvind by Hoërskool Oos-Moot.

Die volgende reëlings is van toepassing op hierdie dag:

- ✓ Alle leerders wie nie deelneem aan die Clusterbyeenkoms nie, bly daardie dag by die huis.
- ✓ Geen onderrig vind plaas nie.
- ✓ Geen graad R- tot 7-leerder wie by die huis bly, sal afwesig gemerk word nie, met ander woorde dit beïnvloed nie sy/haar statistiek vir 100% skoolbesoek nie.
- ✓ Daar sal wel toesig hier by die skool wees vir die enkele leerders wie nie by die huis kan bly nie.
- ✓ Laasgenoemde leerders kom met skoolklere of Villiesdrag skool toe. Normale skoolreëls geld steeds.
- ✓ Geen tasse word skool toe gebring nie.
- ✓ Villies Naskoolsentrum sal normaal voortgaan vir ingeskrewe naskoolleerders wie nie tuis kan bly nie.
- ✓ Die skoolkantoor en finansiële kantoor sal ook op Dinsdag, 10 Februarie 2026 gesluit wees. Ontvangs sal wel beman word.

**OUERINLIGTINGSAANDE**

Inligtingsaande vir ons ouers/voogde vind plaas op die volgende gegewe datums. Graad 4 – 7 vind plaas in die skoolsaal. Parkering beskikbaar op die grasperk in 30ste Laan, asook binne die kerk-terrein in 30ste Laan.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ✓ Maandag | 26 Januarie 2026 | (18:00) | Graad 5 |
| ✓ Woensdag | 28 Januarie 2026 | (18:00) | Graad 6 |
| ✓ Maandag | 02 Februarie 2026 | (18:00) | Graad 7 |

**FOTO'S**

Die volgende foto's word Donderdag, 29 Januarie 2026 geneem:

| | |
|---|---|
| ✓ Alle individuele foto's | Graad R – 7 |
| ✓ Klasfoto's | Graad R – 7 |
| ✓ Atletiekfoto | Alle atlete wat Donderdag, 29 Januarie 2026 deelneem. |
| ✓ Alle graad 7-leiers | |

Alle graad 1- tot 7-leerders trek hul normale skooldrag aan vir die foto's. Slegs atlete bring hul Villies- of atletiekdrag saam vir die atletiekfoto.

**GRAAD 6 (Geslagsvoorligting en Veldskool)**
Alle graad 6-leerders het reeds gedurende die week briewe per hand ontvang rakende hul opkomende Geslagsvoorligting, asook hul Veldskool. Ons vra dat u asseblief die skeurstrokies van beide briewe so spoedig moontlik terugstuur skool toe.

**SPORT**

- **Atletiek**
  - Oefeninge
    - ✓ Atletiekoefeninge gaan weer hierdie jaar voort in die oggende.
    - ✓ Atlete moet asseblief by die oefeninge uitkom.
    - ✓ Atlete wie privaat afrigting kry, hoef nie by die skool se oefeninge aan te sluit nie.
    - ✓ Privaat afrigting word nie toegelaat gedurende skoolure nie.
    - ✓ *Let wel:* Geen ouer/voog mag tydens skooloefeninge, atlete by die skool afrig nie.

Die oefentye vir die 2026-atletiekseisoen is as volg:

| MAANDAG | o/7 – o/9 | o/10 | o/11 | o/12 | o/13 |
|---|---|---|---|---|---|
| **7:30 – 8:00 (Saalperiode)** | | Aflos | Aflos | Aflos | Aflos |
| **DINSDAG** | | | | | |
| **6:30 – 7:00** | Middelafstande (o/9) | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring | Naellope / Middelafstande |
| **7:00 – 7:30** | Aflos | Aflos | Naellope / Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring |
| **7:30 – 8:00** | Naellope | Verspring | | Spiesgooi / Diskus | Spiesgooi / Diskus |
| **13:45 – 14:15** | | Aflos | Aflos | Aflos | Aflos |
| **DONDERDAG** | | | | | |
| **6:30 – 7:00** | Middelafstande (o/9) | Aflos | Verspring | Naellope / Middelafstande | Gewigstoot |
| **7:00 – 7:30** | Aflos | Naellope / Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring |
| **7:30 – 8:00** | Naellope | Hoogspring | | Spiesgooi / Diskus | Spiesgooi / Diskus |

- Byeenkomste
  - ✓ Atlete wat die eerste 2 plekke behaal het tydens Donderdag, 22 Januarie 2026 se byeenkoms, sal Dinsdag, 27 Januarie 2026 deelneem by Laerskool Saamspan.
  - ✓ Laerskool Villieria se eerste 3 atlete, gaan deelneem Donderdag, 29 Januarie 2026 tuis teen Curro Hazeldean, Laerskool Bakenkop en Laerskool Tuine.
  - ✓ Die atlete wat by bogenoemde twee byeenkomste deelneem, sal meer inligting ontvang.
  - ✓ Atlete neem deel in die volgende drag alleenlik:
    - Villiesdrag, of
    - Afmou villieshemp, of
    - Villies ski-pant (beskikbaar by Villies-klerehub)

- Spiesgooi en Diskus (Tuis byeenkomste)

  Tydens spiesgooi en diskus items wat tuis plaasvind, mag geen atleet vroeg uit die klasse geroep word tydens akademiese tyd deur ‘n ouer/voog nie. Hulle sal betyds oorbaan wees vir opwarming.
  Alle atlete wat klaar is met hulle items oorbaan, moet terugkeer skooltoe sodat hulle kan voortgaan met akademie. Hulle mag nie oorbaan wag vir hulle volgende item nie, behalwe as die item na 13:30 duur.

- **Rugby**
  - ❖ **Bulletjies (Graad R- tot 2-seuns)**

    Met groot opgewondenheid kondig ons die begin van Laerskool Villieria se Bulletjierugby seisoen aan.  Ons skop af met die ouerinligtingsvergadering wat Maandag, 26 Januarie 2026 plaasvind op die pawiljoene (18:00).  Tydens die vergadering sal u alle inligting ontvang.  Die spelers sal dan ook truie pas en u as ouer/voog op W/app groepe geplaas word.

    Indien u enige navrae het of u betrokke wil raak by die afrigting, kontak asseblief Johan Basson by 082 778 5800.

  - ❖ **o/9- tot o/13-seuns**

    Soos genoem in die Rugby-ouervergadering van Donderdag, 15 Januarie 2026 en e-pos gestuur op Dinsdag, 20 Januarie 2026, begin ons met rugbyproewe vir alle belangstellende graad 3- tot 7-seuns op Saterdag, 24 Januarie 2026.

    - ➢ Tye is soos volg:

| | |
|---|---|
| ✓ o/9-oorbruging | 8:00 – 10:00 |
| ✓ o/10-proewe | 8:00 – 9:00 |
| ✓ o/11-proewe | 9:00 – 10:00 |
| ✓ o/13-proewe | 10:00 – 12:00 |

    - ➢ Reëlings is soos volg:
      - ✓ Seuns trek enige PT-broek aan met 'n gemaklike hemp.
      - ✓ Elke seun bring asseblief eie water.
      - ✓ Daar sal 'n snoepie en kosstalletjies beskikbaar wees.

    *Let wel:*  Hierdie is slegs die 1ste rondte proewe.  Seuns wat nog by atletiek betrokke is en ouers verkies om te wag dat die atletiekseisoen verby is voordat die seun aansluit by rugby, sal nie gepenaliseer word nie.  Hierdie seuns kan aansluit by rugby oefeninge en tydens kontaksessies uitsit.

    - ➢ Toere

      Dit is lekker om aan te kondig dat Laerskool Villieria vanaf 2026 ook met die B-spanne ‘n toer gaan bywoon.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ✓ o/9A en o/10A | 13 – 15 Maart 2026 | Zwartkloof | R2 100 |
| ✓ o/11A en o/13A | 22 – 25 Maart 2026 | Volksrust, Pionier | R1 500 |
| ✓ o/9B tot o/11B | 26 – 28 Maart 2026 | H/s Oos-Moot | R   800 |
| ✓ o/13B | 30 Maart – 1 April 2026 | H/s Oos-Moot | R   800 |

    Ons as afrigters sien baie uit na die rugbyseisoen met die eerste wedstryde wat afskop op Dinsdag, 3 Maart 2026 teen Laerskool Garsfontein (tuis).

- **Netbal (o/10 – o/13)**
  - ➢ Netbalrokkies

    U is welkom om u dogter se mooi opgepaste tweedehandse netbalrokkie te skenk vir dogters wat nie ‘n nuwe een kan bekostig nie.  Dit kan ingehandig word by hul afrigter.

  - ➢ 1ste Rondte proewe
    - ✓ Maandag, 26 Januarie 2026 — 14:00 – 16:00

➢ <u>Level UP-Netbaltoernooi (A- en B-spanne)</u>
Indien u dogter gekies word vir die A- of B-span, is die volgende van toepassing:
✓ Vrydag, 13 Maart 2026 10:00 – 19:00 Curro Hazeldean
✓ Saterdag, 14 Maart 2026 6:00 – 19:00 Curro Hazeldean

Die koste per speelster vir beide dae beloop ongeveer R650.

➢ <u>Oefening vir die komende week</u>
Die lys met name van dogters wat deel vorm van die oefengroep, sal Dinsdag 27 Januarie 2026 op wees by die afrigters se onderskeie klasse (1ste pouse). Ondergenoemde oefening is slegs vir hierdie dogters.
✓ Woensdag 14:00 – 15:00

**<u>KULTUUR</u>**

- **<u>ATKV-Redenaars (Graad 1 – 7)</u>**
  Ons wil graag ons leerders bemagtig en inskryf vir Redenaarskompetisies. Deelname is vrywillig soos enige ander buitemuurs. Redenaars is 'n voorbereide beredeneerde toespraak waar leerders 'n gehoor moet oortuig van 'n standpunt. Die toespraak moet ook duidelike verwysings bevat om die argument mee te staaf. Indien u graag u kind wil laat deelneem, is dit u en u kind se verantwoordelikheid om die praatjie te skryf en te oefen. Graad 6- en 7-leerders moet ook ‘n onvoorbereide toespraak lewer tydens die ATKV-rondtes.

  Die eerste kompetisie waaraan die leerders kan deelneem, is ATKV-Redenaars. Volg gerus die skakel na die volledige deelnemersgids vir ATKV-redenaars
  https://indd.adobe.com/view/8500e672-6b01-47ab-9041-8a1b41814185

  Tydens ons jaarlikse Welsprekendheidsaande in die skoolsaal, gaan leerders die geleentheid kry om hul toesprake te kom lewer. Die aande dien as oudisies, omdat ons slegs twaalf leerders per groep mag inskryf vir die kompetisies.
  Daar sal ook repliek aan die ouers/voogde en leerders gegee word wat hulle dan kan gebruik om beter voor te berei vir die kompetisies.

  Alle graad 1- tot 7-leerders wat graag wil deelneem, moet hul name by juffrou Van der Bank kom opgee voor of op Woensdag, 4 Februarie 2026.

➢ <u>Temas vir 2026 (Soos gekommunikeer in 2025)</u>
✓ Graad 1 – 3 Huis, Pleister, Geraas
✓ Graad 4 – 5 Koers, Kriewel, Sout
✓ Graad 6 – 7 Kies, Pronk, Rebelleer

➢ <u>Struktuur van toesprake</u>
✓ Graad 1 – 3 2 – 3 argumente 2 – 4 minute
✓ Graad 4 – 5 2 – 3 argumente 3 – 5 minute
✓ Graad 6 – 7 3 – 4 argumente 4 – 6 minute

➢ <u>Welsprekendheidsaande</u>
✓ Juniors (Graad 1 – 3) Maandag, 23 Februarie 2026
✓ Seniors (Graad 4 – 7) Dinsdag, 24 Februarie 2026
Verdere inligting sal volg.

❖ **<u>Redenaarsopleiding (Graad 1 – 7)</u>**
*(Vir alle ouers/voogde en leerders)*
Is u as ouer/voog bekommerd oor die skryf van u kind se toespraak? Moenie slapelose nagte hê nie, ons het die perfekte oplossing om u te help om ‘n praatjie aanmekaar te sit.

Daar sal tydens die geleentheid vir die leerders geleer word hoe om 'n praatjie te oefen en ook oulike raad gegee word oor die aanbieding van 'n redenaars toespraak.

- ✓ Wanneer: Saterdag, 7 Februarie 2026
- ✓ Waar: Laerskool Villieria
- ✓ Aanbieder: Petrus Jacobs

| | | | |
|---|---|---|---|
| ✓ Tyd: | Opsie 1: | 9:00 – 13:00 | (Skryf EN aanbieding van toesprake) |
| | Opsie 2: | 12:00 – 13:00 | (Slegs aanbieding van toesprake) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| ✓ Koste: | Opsie 1: | R200 p/gesin | |
| | Opsie 2: | R 50 p/persoon | (Alle ouderdomme bo 6 jaar. Kinders onder 6 jaar gratis) |

Die gelde is betaalbaar by die deur of voor die einde van kwartaal 1. Uitstaande gelde sal op u skoolgeldrekeningstaat vereffen word.

Registreer asseblief vir die opleidingsessie deur die volgende skakel te voltooi:
https://forms.gle/auJk62bCoABx39k29

Ons moedig ook graad 6- en 7-leerders en hul ouers/voogde aan om die opleidingsgeleentheid by te woon aangesien hulle 'n onvoorbereide toespraak moet lewer tydens die ATKV-Redenaars-kompitisie.

## TOESLUITKASSIES (Lockers)

Toesluitkassies is steeds beskikbaar by mevrou Ida Roodt in die finansiële kantoor teen R150 elk vir die jaar. EFT-betalings kan ongelukkig nie aanvaar word nie, aangesien ons werk op die basis van *"First come, first serve."* Slegs kontant- of kaartbetalngs. Leerders moet ook reeds die nommer van die toesluitkassie ken wat hul wil gebruik vir die jaar voor hulle aanmeld by mevrou Ida Roodt.

***Let wel: Geen toesluitkassies mag gedeel word met ander leerders of boetie/sussie nie.***

## VILLIES GEBEDSGROEPE

Alle pappas, mammas, oumas, oupas, voogde en ondersteuners van Laerskool Villieria wat 'n hart vir gebed het, kom bid saam met ons! Ons skop weer af met ons gebedsgroepe vanaf Vrydag, 16 Januarie 2026.

- **Dames gebedsgroep**
  - ✓ In die Sportsaal (Sportvelde oorbaan).
  - ✓ Maandae 7:15 – 7:45
  - ✓ Vrydae 7:15 – 7:45

  Volg die skakel om deel te word van die W/app groep:
  https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq

- **Manne gebedsgroep**
  - ✓ By Christlife Ministries Kerk (In 30ste Laan langs die skool).
  - ✓ Vrydae 7:15 – 7:45

  Sien ook die advertensie op bl. 9




## LAERSKOOL VILLIERIA FACEBOOKBLAD

Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe Facebookblad
https://www.facebook.com/share/1CqaLgS3Kt/
Ons vorige Facebookblad naamlik "Laerskool Villieria Amptelik" is nie meer in gebruik nie.

**OUERTOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN**

- ✓ Toegang kan SLEGS verkry word deur aan te meld by die kantoorhekkie in Ben Swartstraat.
- ✓ Toegang by die kantoorhek: Maandae – Donderdae (7:00 – 14:15) en Vrydae (7:00 – 13:45).
- ✓ Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie.
- ✓ Ons vra vriendelik vir ouers/voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid, asook ons skool en personeel se eiendom.

**VERDAAGTYE**

Graad R- tot 7-leerders se verdaagtye (Maandae tot Vrydae) is as volg:


- ✓ Graad R 13:00
- ✓ Graad 1 en 2 13:15
- ✓ Graad 3 – 7 13:30

Indien daar 'n verandering aan 'n spesieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

**FINANSIES**

- **Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde (Graad 1 – 7)**
  Aansoek moet jaarliks gedoen word vir vrystelling- of gedeeltelike vrystelling van skoolgelde. Indien u 'n 2026-aansoekvorm benodig, moet u asseblief 'n e-pos stuur op Maandag, 2 Februarie 2026 aan finansies@laerskoolvillieria.co.za. Geen aanvraag van vorms voor dan nie asseblief.
  Aansoekvorms sal dan gedurende die eerste week van Februarie 2026 aan ouers/voogde gestuur word per e-pos. Geen harde kopieë sal uitgedeel of ontvang word nie, slegs per e-pos.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete



**A.J. GROBLER**
**HOOF**

***SIEN ASSEBLIEF DIE VOLGENDE BLADSYE***

# Die Voortrekkers

*Die jeugorganisasie vir leierskapsontwikkeling vanaf graad R-12*

AFRIKANERSKAP · BURGERSKAP · CHRISTENSKAP · DIENSBAARHEID



## DIE VOORTREKKERS BIED:

# Kultuur in die natuur deur avontuur
# Blywende vriendskappe
# Wonderlike kampervarings
# Mentorskap
# Veilige spasie vir ontwikkeling
# Kundige volwasse leiding
# Gesonde kompetisie
# Onvergeetlike ervarings
# Meer as 200 spesialisasies (kortkursusse)

## DIE VOORTREKKERS BEVORDER:

# Afrikaans
# Bybels-Christelike waardes
# Gemeenskapswaardes
# Nuttige lewensvaardighede
# Eiewaarde
# Spanwerk
# Dinamiese leierskap
# Positiewe burgerskap
# Liefde vir die natuur

DELTA Voortrekkers
Kontak ons gerus:

083 709 9588 / 082 507 2518- Corike Malan
Email : delta@voortrekkers.co.za
www.delta.voortrekkers.co.za
facebook: Die Voortrekkers: DELTA

Maandae 17:00-18:00

**hou KOERS!**


DELTA
VOORTREKKERS
IN
VIR
die Moot
Dis nou 'n knap idee !
HOU KOERS
VOORTREKKERS AS LIGDRAERS IN DIE WÊRELD
95
2026
Saterdag 31 Jan
9:00-11:00
Moot Slothuis Park
(h.v Codonia en Terblanch straat)
Kom leer en speel saam


Kontak:
Charlene @ 082 565 5362
Gerrit @ 073 249 6311
Vrydae
07:15 - 07:45
LAERSKOOL VILLIERIA
MANNE GEBEDSGROEP
Begin 16 Januarie 2026
573, 30stelaan, Kerkgebou
100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER


LIFTED
in Grace
DANCE FACTORY
DANS KLASSE BY
VILLIERIA
Style:
Modern & Contemporary
Hip Hop
Pryse:
R280 p/m
vir 30min klasse
R320 p/m
vir 45min klasse
Registrasie fooi:
R180 (bestaande studente)
R220 (nuwe studente)
Kontak ons gerus vir meer inligting
info@lifteddancefactory.co.za
Danielle - 067 252 5742



Anli Benzien
anli@aonanifs.com
076 - 279 6759

AONANI
FINANCIAL SERVICES



Jaco Benzien
jaco@aonanifs.com
082 - 863 1993

TAXATION
ACCOUNTING
PAYROLL
FINANCIAL STATEMENTS
CIPC COMPLIANCE
TRUSTS & ESTATES
FRACTIONAL CFO
BUSINESS REGISTRATIONS

FINANCIAL PLANNING
WEALTH MANAGEMENT
INVESTMENTS
EMPLOYEE BENEFITS
RETIREMENT PLANNING
LIFE COVER
DISABILITY COVER
DISEASE COVER

Email: info@aonanifs.com
Phone: 012 - 833 7044
Address: 1092 Cunningham Avenue,
Villieria, Pretoria
www.aonanifs.com


Uiletyd Dramaklasse
Kinders van enige skool welkom!
klein groepies vir individuele aandag!
DRAMA bevorder
• Positiewe interaksie, verbeelding, selfvertroue, stem en spraakontwikkeling.
PRET sluit in:
• Deelname aan KUNSWEDSTRYDE
• Poppekas
• Storievertelling en Skryfkuns
• Mimiek en Improvisasie
Vir meer inligting kontak: Sarina 060 933 7515 | uiletyd@gmail.com